higher education & training

Department:
Higher Education and Training
REPUBLIC OF SOUTH AFRICA

NASIENRIGLYN

NASIONALE SERTIFIKAAT (BEROEPSGERIG)

STRAFREGSTRUKTURE EN -MANDATE
NKR VLAK 3

23 November 2023

Hierdie nasienriglyn bestaan uit 10 bladsye.

Kopiereg voorbehou

AFDELING A

VRAAG 1

1.1 Waar
1.2 Waar
1.3 Onwaar
1.4 Onwaar
1.5 Onwaar
1.6 Waar
1.7 Waar
1.8 Onwaar
1.9 Waar
1.10 Onwaar

(10 × 1) **[10]**

VRAAG 2

2.1 E
2.2 H
2.3 A
2.4 C
2.5 B
2.6 I
2.7 D
2.8 F
2.9 J
2.10 G

(10 × 1) **[10]**

VRAAG 3

3.1	3.1.1	aangemoedig	
	3.1.2	in staat gestel	(2)
3.2	3.2.1	verminder	
	3.2.2	versag	(2)
3.3	3.3.1	Arbitrêr	
	3.3.2	diskresionêre	
	3.3.3	uitgesluit	(3)
3.4	3.4.1	verantwoordbaarheid	
	3.4.2	afwending	
	3.4.3	herstellende geregtigheid	(3)

[10]

TOTAAL AFDELING A: 30

AFDELING B

VRAAG 4

4.1 **NASIENER:** Laat leerder se eie interpretasie toe. 'n Maksimum van 4 punte mag toegeken word.

Artikel 39 handel oor die interpretasie van die Handves van Regte. 'n Hof, tribunaal of forum moet die volgende in ag neem wanneer hulle die Handves van Regte interpreteer.

- Die waardes wat ten grondslag lê aan 'n oop en demokratiese samelewing wat op menswaardigheid, gelykheid en vryheid gebaseer is,
- Internasionale reg of volkereg moet in ag geneem word en buitelandse reg kan in ag geneem word.
  By die uitleg of interpretasie van enige wetgewing, en by die ontwikkeling van die gemenereg of gewoontereg, moet elke hof, tribunaal of forum –
- Die gees, strekking of betekenis en oogmerke van die Handves van Regte bevorder.

Die Handves van Regte ontken nie die bestaan van ander regte of vryhede wat deur die gemenereg, gewoontereg of wetgewing erken of verleen word nie, in die mate waarin daardie regte of vryhede met die Handves bestaanbaar is. (Enige 4 × 1) (4)

4.2 **NASIENER:** Laat die leerder se eie interpretasie toe. 'n Maksimum van 2 punte mag toegeken word.

4.2.1 Impersonasie en identiteitsdiefstal word gedefinieer as die steel van iemand se identiteit.
Misdadigers bekom inligting uit verlore of gesteelde identiteits- en ander persoonlike dokumente. ✓
Misdadigers gebruik identiteitsdiefstal om kredietkaart- en ander bedrog te pleeg.
Identiteitsdiefstal is die bedrieglike praktyk waarvolgens iemand anders se naam en persoonlike inligting gebruik word om krediet, lenings of mediese dienste te bekom of belastingopgawes in te dien. ✓
Identiteitsdiefstal vind plaas wanneer iemand 'n ander persoon se persoonlike inligting gebruik of steel, soos hul naam, identiteits- of kredietkaartnommer, sonder hul toestemming, om bedrog of ander misdade te pleeg.
Identiteitsdiefstal is 'n kwaadwillige praktyk wat as rekenaarmisdaad beskou word. Dit bestaan daaruit om voor te gee om iemand anders te wees deur middel van foto's, sosiale media-rekeninge, of kredietkaarte. Die doel is om toegang te kry tot die een of ander voordeel waarop jy nie geregtig is nie. (Enige 2 × 1) (2)

4.2.2 Die Suider-Afrikaanse Bedrogvoorkomingsdiens✓ of SABVD✓
(Enige EEN) (1)

4.2.3 **NASIENER:** Laat die leerder se eie interpretasie toe. ’n Maksimum van 6 punte mag toegeken word.

Die Suider-Afrikaanse Bedrogvoorkomingsdiens of SABVD is ’n Suid-Afrikaanse maatskappy wat bedrog in die finansiëledienste-bedryf beveg deur ’n gedeelde databasis aan ledeorganisasies te verskaf.
Dit bied ook aan die publiek ’n metode om hulself teen impersonasie en identiteitsdiefstal te beskerm.
Die primêre doelwit van die organisasie is om dienste met die deel van data aan al die sektore van die Suid-Afrikaanse sakebedryf te lewer ten einde bedrog te voorkom.
Sedert die maatskappy in 2001 gevestig is, het die SABVD-ledeorganisasies daarin geslaag om poging tot bedrog van meer as R8 miljard te voorkom.
Die SABVD het ook voorkom dat baie onskuldige lede van die publiek slagoffers van impersonasie word, met sy gepaardgaande trauma en probleme, byvoorbeeld om namens hulle met sakeorganisasies te onderhandel, en hul name van swartlyste te verwyder.
SABVD-dienste sluit die volgende in:

- SABVD-databasis wat ’n databasis van mense is wat by bedrieglike gedrag betrokke is en wat individuele en sindikaatbedrog kan identifiseer
- Beskermende registrasie, wat ’n gratis internetgebaseerde diens aan die algemene publiek lewer vir die registrasie van verlore of gesteelde identiteitsboekies of -kaarte en paspoorte. Dit bied ook ’n diens aan slagoffers van identiteitsbedrog.
- ’n Databasis vir werksaansoekbedrog en werknemerbedrog. Dit is ’n databasis van mense wat betrokke is by bedrieglike bedrywighede tydens die werwingsproses en in die werksplek.
- ’n Dataontledingsdiens wat prosedures behels waarvolgens trefslae oor ’n verskeidenheid datavelde bekom en in grafiese formaat uitgebeeld word. Die *DataCink*-bedrogsindikaatdiens identifiseer bedrogsindikate wat in die land werksaam is en versprei e-posse aan alle SABVD-lede om hulle te waarsku. (Enige 6 × 1) (6)

4.3 **NASIENER:** Laat die leerder se eie interpretasie toe. ’n Maksimum van 2 punte mag toegeken word.

Nasionale Vervolgingsdiens (NVD)
Batebeslagleggingseenheid (BBE)
Eenheid teen Gespesialiseerde Kommersiële Misdaad (GKME).
Eenheid vir Seksuele Oortredings en Gemeenskapsake (SOGS)
Getuiebeskermingseenheid (GBE) en Litigasie-eenheid vir Prioriteitsmisdade (LEPM) (Enige 2 × 1) (2)

4.4 **NASIENER:** Laat die leerder se eie interpretasie toe. ’n Maksimum van 10 punte mag toegeken word.

- Dit is ’n praktiese vorm van gemeenskapspolisiëring aangesien dit die polisiëring van kleiner, meer hanteerbare areas behels.
- Dit verseker effektiewer misdaadvoorkoming omdat aandag gegee word aan die oorsake van misdaad ✓en die faktore en omstandighede wat dit moontlik maak dat misdaad in ’n sektor plaasvind.
- Dit dra by tot gemeenskapsbetrokkenheid, wat tot sterk vennootskappe tussen die polisie en gemeenskap lei.
- Dit moedig gemeenskappe aan en stel hulle in staat om groter verantwoordelikheid vir hul eie veiligheid en sekuriteit te aanvaar.
- Dit verbeter die verhouding tussen die polisie en die gemeenskap, wat die gemeenskap se vertroue in, respek en begrip vir die polisie versterk, vrees vir misdaad verminder en dienslewering deur die polisie bevorder.
- Dit is die basiesste vorm van polisiëring. ✓ (Enige 10 × 1) (10)

[25]

TOTAAL AFDELING B: 25

AFDELING C

VRAAG 5

NASIENER: Laat leerder se eie interpretasie toe. Ken 1 punt toe vir korrekte identifisering van die Hoë Hof. 'n Maksimum van 11 punte mag toegeken word.

5.1
- Die Hoë Hof hanteer ernstige strafsake.
- Hoë Howe sluit provinsiale, plaaslike en rondgaande plaaslike afdelings in.
- Die provinsiale afdeling in die artikel is die Polokwane Hoë Hof.
- Elke afdeling van die Hoë Hof bestaan uit 'n Regter-president en een of meer Adjunkregters-presidente, soos bepaal deur die President, en soveel regters soos bepaal in ooreenstemming met voorgeskrewe kriteria.
- Regters sit voor in die Hoë Howe − jurisdiksie van die Hoë Howe
- In ernstige strafsake kan 'n regter twee assessore aanstel om hom of haar by te staan.
- Assessore is gewoonlik advokate of afgetrede landdroste.
- Die Hoë Hof is bevoeg om die volgende sake aan te hoor:
  - Enige tipe strafsaak, veral meer ernstige sake waar die laer howe nie bevoeg is om 'n geskikte uitspraak te lewer of boete op te lê nie.
  - Algemene jurisdiksie, insluitend besluite oor appèlle van laer howe en die hersiening van die verrigtinge van sodanige howe.
  - Enige grondwetlike saak wat nie binne die uitsluitlike jurisdiksie van die Konstitusionele Hof val nie.
- Die strafregtelike jurisdiksie van die Hoë Howe is onbeperk, behalwe indien minimum of maksimum vonnisse volgens wet voorgeskryf word. Dit sluit in gespesifiseerde gevalle lewenslange gevangenisstraf in.

(Enige 11 × 1) (11)

5.2 Die Departement van Korrektiewe Dienste. (1)

5.3 **NASIENER:** Laat leerder se eie interpretasie toe. Ken 1 punt toe vir korrekte identifisering van die departement. 'n Maksimum van 5 punte mag toegeken word.

Die Suid-Afrikaanse Polisiediens ✓
Kragtens artikel 205(3) van die Grondwet is die doelwitte van die polisiediens die volgende:
- Voorkom, beveg en ondersoek misdaad.
- Handhaaf openbare orde.
- Beskerm en beveilig die inwoners van die Republiek en hul eiendom.
- Handhaaf die reg en pas dit toe.

5.4 **NASIENER:** Laat die leerder se eie interpretasie toe. 'n Maksimum van 8 punte mag toegeken word.

Die Nasionale Vervolgingsdiens (NVD) bestuur die werkverrigting van Direkteure van Openbare Vervolgings (DOV's) en aanklaers in howe landswyd. Die NVD het die bevoegdheid om strafregtelike verrigtinge namens die staat in te stel en aan te voer. Die rol van die NVD is die volgende:

- Stel strafregtelike verrigtinge namens die staat in en voer dit aan.
- Reik beleidsinstruksies uit wat in die vervolgingsproses gevolg moet word
- Tree tussenbeide in die vervolgingsproses wanneer beleid nie nagekom word nie
- Voer die nodige funksies uit wat geassosieer word met die instelling en uitvoering van strafregtelike verrigtinge
- Hersien 'n beslissing om te vervolg of nie ná oorlegpleging met die tersaaklike DOV en nadat voorleggings van die beskuldigde, die klaer en enige ander toepaslike persoon verkry is
- Staak strafregtelike verrigtinge indien indien dit vereis word. (Enige 8 × 1) (8)

[25]

TOTAAL AFDELING C: 25

AFDELING D

VRAAG 6

NASIENER: Laat die leerder se eie interpretasie toe. 'n Maksimum van 20 punte mag toegeken word.

Gevangenisstraf van weerlose gevangenes kan nadelige gevolge inhou. Omdat die gevangenisbevolking so uiteenlopend soos die algemene bevolking is en omdat verskillende kategorieë gevangenes verskillende behoeftes het, het die DKD spesiale kategorieë gevangenes vasgestel. Hierdie kategorieë sluit in:

- Vroue
- Moeders met babas
- Kinders
- Gevangenes met gestremdhede
- Gevangenes met MIV en Vigs

Vroue

- Vroulike gevangenes moet afsonderlik van manlike gevangenes aangehou word.
- Afsonderlike tronke vir vroue
- Vroulike korrektiewe beampte moet enige man vergesel wat 'n vrouegevangenis of afdeling vir vroue besoek.
- Vroulike korrektiewe beamptes moet oor vroulike gevangenes toesig hou. ✓

Moeders met babas

- Maak voorsiening vir die gevangenisstraf van vroue met babas in geriewe wat van dié van ander vroulike aangehoudenes geskei is.
- Dit bepaal ook dat die plek vir moeders met babas vir die versorging, stimulasie en ontwikkeling van babas voorsiening moet maak.
- Voorsiening word gemaak vir afsonderlike slaapakkommodasie vir moeder en kind asook crèches.
- Eenheid fokus op normalisering van die omgewing om die kind se fisieke en emosionele ontwikkeling en versorging te bevorder.
- ’n Vroulike gevangene word toegelaat om haar kind by haar te hou totdat die kind vyf jaar oud is.
- Die Departement van Korrektiewe Dienste is verantwoordelik vir voedsel, kleredrag en gesondheidsorg vir die gesonde ontwikkeling van die kind terwyl die kind in die gevangenis bly.
- DKD verskaf voorgeboortelike of prenatale en nageboortelike of postnatale sorg en behandeling.
- Indien moontlik, moet kinders in ’n hospitaal buite die gevangenis gebore word.
- Die gebruik van alleenopsluiting in gevalle waarby vroue en kinders betrokke is, word verbied.
- Moeders in die gevangenis stel spesifieke uitdagings omdat, wanneer ’n moeder tronkstraf uitdien, dit waarskynlik ernstige ontwrigting in die gesin sal veroorsaak.
- Gevangenisstraf veroorsaak geweldige spanning, wat maatskaplike dienste moet hanteer.

Kinders

Die Wet op Kinderberegting 75 van 2008 (CJA) het ’n strafregsplegingstelsel daargestel vir kinders wat met die gereg bots en wat daarvan beskuldig word dat hulle oortredings begaan. Die stelsel is in ooreenstemming met die waardes van die Grondwet en internasionale standaarde.

’n Kind word in die WKD en CJA gedefinieer as ’n persoon onder die ouderdom van 18. Die Grondwet sonder kinders uit vir spesiale beskerming en verleen aan kinders wat met die gereg bots die reg:

- Om nie aangehou te word nie, behalwe as ’n laaste uitweg en, indien aangehou, slegs vir die kortste toepaslike tyd
- Om behandel te word op ’n manier en aangehou te word in toestande wat die kind se ouderdom in ag neem
- Om afsonderlik aangehou te word van volwassenes, en seuns en meisies te skei terwyl hulle in aanhouding is
- Kindergevangenes moet weg van volwasse gevangenes aangehou word en in akkommodasie wat toepaslik vir hul ouderdom is.
- Hul dieet moet voorsiening maak vir hul voedingsbehoeftes.
- Kindergevangenes wat verpligte onderrig ontvang, moet opvoedkundige programme bywoon en toegang daartoe hê.
- Die CJA maak voorsiening vir kinders wat skuldig bevind is aan oortredings om tot verpligte verblyf in ’n kinder- en jeugsorgsentrum gevonnis te word.
- Die Kommissaris moet kinders van die dienste van maatskaplike werkers voorsien, asook godsdienstige sorg, ontspanningsprogramme en sielkundige dienste aanbied.
- Die Kommissaris moet verseker dat kinders in kontak met hul families bly deur middel van bykomende besoeke en ander maniere.
- Om jong oortreders te ontwikkel en bemagtig sodat hulle ’n bate vir die gemeenskap kan wees, het die DKD programme in werking gestel wat spesifiek fokus op die

Kopiereg voorbehou

unieke versorgings-, ontwikkelings- en behandelingsbehoeftes van hierdie groep gevangenes. Die DKD streef daarna om:

- Afsonderlike geriewe vir jong oortreders te vestig
- Die medeverantwoordelikheid van ouers, portuurs en ander belangrike persone wat ’n rol in rehabilitasie kan speel, aan te moedig
- ’n Kultuur van ontwikkeling en leer te bevorder om die integrasie van jong oortreders in hul gemeenskappe moontlik te maak wanneer hulle vrygelaat word.
- ’n Holistiese benadering te volg wat op die totale ontwikkeling van die jong persoon gerig is
- ’n Gestruktureerde daaglikse program te volg
- Programme te ontwikkel om vir die spesifieke behoeftes en belangstellings van jong oortreders voorsiening te maak
- ’n Eenheidsbestuursbenadering met direkte toesighouding te volg
- Persoonlike verantwoordelikheid en leierskap aan te moedig
- Gemeenskapshulpbronne te gebruik
- Doeltreffende mensehulpbronkomponente te vestig om ná hul vrylating in hul behoeftes te voorsien.

Gevangenes met gestremdhede ✓
Gedefinieer as fisieke of verstandelike toestand wat ’n gevangene daarvan weerhou om te funksioneer in ’n omgewing wat ontwikkel is vir persone sonder sodanige gebrek. Dit sluit in:

- Doofheid✓
- Stomheid ✓
- Paraplegie ✓
- Kwadruplegie ✓
- Niesertifiseerbare geestestoestande✓
- Blindheid of uiterste aantasting van visie

Polisieadministrasies moet verseker dat gevangenes met fisieke, verstandelike of ander gestremdhede volle en doeltreffende toegang tot ’n gevangenislewe het.
Gevangenes met sensoriese gestremdhede moet van inligting oor gevangenisreëls en -regulasies voorsien word op ’n manier wat dit toeganklik en verstaanbaar maak.
Alleenopsluiting word verbied in die geval van gevangenes met verstandelike of fisieke gestremdhede wanneer sodanige maatreëls hul toestand sal vererger. ✓

Gevangenes met MIV en Vigs✓

- Gevangenes wat nie geïnfekteer is nie, het die reg op veilige aanhouding.
- Dit gebeur dikwels dat aangehoudenes vir hul eie beskerming op verpligte toetsing aandring.
- Gevangenes wat MIV-positief is, het die reg op behandeling en om nie aan diskriminasie blootgestel te word nie.
- Die reg op veiligheid van geïnfekteerde gevangenes kan bots met die geïnfekteerde oortreder se reg op privaatheid en vertroulikheid.
- Gesondheidsorgdienste moet voorsien word om kontinuïteit te verseker van behandeling en sorg, insluitend vir MIV en
- Vigs, tering en ander aansteeklike siektes asook dwelmafhanklikheid ✓

(Enige 20 × 1) **[20]**

OF

VRAAG 7

NASIENER: Laat die leerder se eie interpretasie toe. ’n Maksimum van 20 punte mag toegeken word.

Kinders as ’n groep is eers onlangs uitgesonder vir beskerming toe die VN die Internasionale Konvensie oor Kinderregte in 1989 goedgekeur het. Ingevolge die Konvensie het kinders die volgende regte:

- ’n Kind beteken enige mens onder die ouderdom van 18 jaar.
- State wat ’n party by die Konvensie is, moet sonder diskriminasie van enige aard die regte van kinders verseker wat in die Konvensie uiteengesit is.
- Die beste belange van die kind moet die primêre oorweging wees in alle handelinge wat met kinders te make het.
- Elke kind het die reg op lewe.
- Elke kind het van geboorte die reg op ’n naam en ’n nasionaliteit en die reg om deur sy of haar ouers versorg te word.
- Kinders mag nie teen hul wil van hul ouers geskei word nie.
- Kinders het die reg op vryheid van uitdrukking, denke, gewete en godsdiens.
- Kinders het die reg op vryheid van assosiasie en vreedsame byeenkoms.
- Staatspartye moet verseker dat kinders toegang tot inligting het.
- Kinders moet toegang tot materiaal van nasionale en internasionale bronne hê, en hul welstand en fisieke en geestesgesondheid moet bevorder word.
- Staatspartye moet maatreëls tref om kinders teen geweld, besering, mishandeling en verwaarlosing te beskerm.
- Staatspartye moet verseker dat kinders wat vlugtelinge is, toepaslike beskerming en bystand ontvang.
- Staatspartye moet die reg van kinders op spesiale sorg erken.
- Staatspartye moet probeer verseker dat geen kind van toegang tot gesondheidsorgdienste ontneem word nie.
- Kinders het die reg op onderwys, rus en ontspanning, en om aan spel- en ontspanningsaktiwiteite deel te neem.
- Kinders het die reg om teen ekonomiese uitbuiting, onwettige dwelmmiddels, seksuele misbruik en ontvoering beskerm te word.
- Kinders jonger as 15 jaar mag nie gewerf word om deel van gewapende magte te wees nie.
- Wanneer kinders die wet oortree het, moet hulle behandel word op ’n manier wat die kind se sin vir waardigheid en waarde in ag neem, en kinders het die reg om behandel te word en in omstandighede te bly wat sy of haar ouderdom in ag neem.

(Enige 20 × 1) **[20]**

TOTAAL AFDELING D: 20
GROOTTOTAAL: 100